Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Desember 2009

God in ons tyd

Lees binne...

- Kersfees in 'n wêreld vol maghebbers – 1
- God in ons tyd – 2
- God met ons – 3

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Kersfees in ’n wêreld vol maghebbers (Prof Andries Breytenbach)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque:**
  God in ons tyd
  Leserskompetisie 6
- Bl 3 **Kersfees 2009**
  God met ons (Prof Piet van der Merwe)
  Cules Boshoff-erepenning
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
  Gemeente Ermelo 1909-2009
  Philadelphia toer die droom
  Gemeente Vredefort 1959-2009
  Beroepe aanvaar
  Erasmia stap vir Bybels
- Bl 6 **Wat kerknuus betref**
  Konferensie oor sending en genesing
  Afrikaanse kerke in Australië verenig
  Sportgees in Zambië
  VTT 2010
- Bl 7 **Gespreksforum**
  Drie lesersbriewe
  Kerkhistoriese Genootskap 50 jaar oud (Dr Christo Pretorius)
- Agterblad **Oordenking**
  Moenie bang wees nie (Ds Elsie Pretorius)

God in ons tyd

Dr Gerhard Lindeque skryf in sy redaksionele berig oor God se betrokkenheid in ons lewens.

God wag nie tot alles stil en rustig is in ons lewens nie. God word deel van ons lewens van elke dag. God is teenwoordig te midde van ons daaglikse geswoeg en gejaag.

In die tyd van Jesus se geboorte was daar ook politieke leiers. Augustus was die keiser en Sirenius die goewerneur. Die lewe het aangegaan. Staatsamptenare het sensus gehou, skaapwagters het hul skape opgepas, die herbergiers het hul gaste bedien, die wetenskaplikes (sterrekykers) het navorsing gedoen. Mense was besig met hul normale lewe van elke dag. En te midde van dit alles gebeur daar nog iets wat oënskynlik heel gewoon is. ’n Baba word gebore. God word mens. God kom slaan tent op tussen ons.

Dit maak dus nie saak wat rondom ons gebeur of hoe besig ons is nie. Dit maak nie saak wie die wêreldleiers is nie. God is by ons. Immanuel... Watter wonderlike troos is dit nie vir ons wat in hierdie tyd lewe nie! Ons wat soms so bekommerd kan wees oor dinge. Ons wat ons soms so morsdood kan jaag. Jesus is nie net op die stowwerige paaie van Betlehem en Nasaret nie. Jesus is ook daar waar jy in die verkeer vassit of op die trekker besig is om te ploeg.

In hierdie uitgawe van *Die Hervormer* probeer ons iets weergee van die wonder dat God deel is van ons tyd. Ons sien hoe gemeentes deur God se genade al vir baie jare bestaan. Gemeentes woeker en werskaf jaar in en jaar uit op verskillende terreine. Ons lees van twee professore van die Kerk wat vanjaar geëmeriteer het. Dit is waar wat die Prediker se: *Daar is ’n tyd vir alles...*

Dit is met dankbaarheid dat ons aan die einde van hierdie jaar en aan die begin van die nuwe jaar kan bely: *My tye is in u hand...* Mag u persoonlik hierdie Kerstyd ook iets van die rustigheid en vrede van God se teenwoordigheid in u lewe ervaar.

****

Ander artikels oor die naderende **Kerstyd** is *Kersfees in 'n wêreld vol maghebbers* van prof Andries Breytenbach, *God met ons* van prof Piet van der Merwe, en die oordenking *Moenie bang wees nie...* van ds Elsie Pretorius.

****

Prof Breytenbach se boodskap bied troos vir oorwerkte, misbruikte mense:

Die wêreld sal nooit sonder maghebbers wees nie, mense wat vir eie voordeel ander aan hulle onderdanig wil maak, onder andere deur bangmaakstories te versprei. Sulke mense eis gewoonlik ons diens en ons geld. Teenoor hulle staan Jesus Christus, die enigste ware Seun van God. Hy eis niks van ons nie, maar kom na ons met God se aanbod van vergifnis, vrede en liefde. Met Kersfees kan ons, die belastingbetalers, opnuut dankbaar wees dat ons nie uitgelewer is aan aardse maghebbers nie, maar dat ons veilig is by die God van liefde wat sy Seun as Vredevors na die wêreld gestuur het.

Prof Van der Merwe peins oor die voortgaande gewildheid van Kersfees:

Die opbloei van rare kultiese bewegings, die romantisering van primitiewe voor-Christelike godsdienstigheid en spiritualiteit, om maar enkele voorbeelde te noem, asook verwysings en toespelings in die kuns, dui op 'n geestelike honger en dors. Die voortgaande gewildheid van Kersfees dui waarskynlik ook daarop. Ook die volgehoue teenwoordigheid van Christelike simbole in die Europese kultuur. Daarom is dit tragies dat die kerke die laaste twee eeue of wat so 'n konstante en grootskaalse verlies aan ondersteuning ervaar het. Dit is van kritieke belang dat die kerk ten diepste selfondersoek doen na die redes daarvoor.

Miskien moet juis na Kersfees en die Kersboodskap gekyk word vir 'n leidraad. Die eenvoud van die verhaal onderstreep die haas onbegryplike impak en betekenis van die boodskap. God wat mens geword het, God met ons, God wat Hom ons menslike bestaan en lot so aangetrek het dat Hy sy Seun na ons gestuur het om ons uit ons hopelose sondebestaan te bevry en ons met Hom te versoen.

'n Klein kindjie wat in doeke toegewikkel is en in 'n veekrip lê, met twee eenvoudige ouers by Hom, dra hierdie boodskap. Later, die wandelende timmerman-leraar, Jesus, met eenvoudige mense vir dissipels, wat nie eers 'n plek gehad het om sy hoof neer te lê nie en slegs sy klere besit het – Hy het die verbeelding van mense aangegryp. Wanneer Hy uiteindelik aan die kruis sterf, bring dit nie sy boodskap tot 'n einde nie, maar gee dit juis dieper betekenis daaraan. Sy opstanding onderstreep dit en bring die goddelike dimensie van sy evangelie na vore.

****

LESERSKOMPETISIE 6

Die wenner van Leserskompetisie nr 4 (Oktober 2009) is Jan Smith van Gemeente Laer Suidkus. Baie geluk! U wen 'n geskenkbewys van R100 van Lux Verbi.

Leserskompetisie 6

Vraag: Watter gemeente van ons Kerk het vanjaar (2009) hul 100ste bestaansjaar gevier?

SMS die antwoord voor 31 Desember 2009 na **071 229 8903**.
Die prys is 'n eksemplaar van *Kennis vir môre* deur HG van der Westhuizen.